Liewe Vriendin

Ek reken jou tyd is nóú om aan te beweeg. Dank jouself af met wat jy jou ook al besig hou sodat jy vlerke kan kry om bo die wolke te vlieg. Moenie bekommerd wees oor die uitkoms nie – celebrities het dit ook nie verwag nie – doen jy net wat jy nou móét doen.

Want jy is PEOREG = GEROEP !

P=Passie: Wees duidelik oor wat jou passie is. Waarvoor het God jou gemaak om te leef én te sterf? Wat wil jy verbeter of verander?

E=Ervaar: Hoe wil jy voel as jy sukses proe? Konnekteer elke dag met die gevoel wat die prentjie van 'n beter toekoms vir jou inhou.

O=Ontwerp: As jy net drie minute het, wat is jou plan om hierdie passie en ervaring in plek te kry? Moenie alles in detail probeer uitwerk nie – God sal.

R=Rede: Die rede moet uit jou hart en binnegoed, kom sodat jy dit met alle mag kan bereik.

E=Eerste tree: Wat is die één ding wat jy vandag kan doen as eerste klein treetjie in daardie rigting? Begin net met één.

G=Geskenk: Alles wat tot dusver met jou gebeur het, asook jou sterkpunte, is 'n geskenk vir 'n beter toekoms. Gee jou droom vir God terug as geskenk, en vertrou dat Hy vir jou die idees en moed sal gee. Laat Hom oor die uitkoms beskik.

Vrolike dag
Jou ware self.

voelgoed